STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
COMMENDATIO

# Commendatio vir Eugène Maraisprys: *Een voet innie kabr* van Gaireyah Fredericks

Marni Bonthuys (Universiteit van Wes-Kaapland)
ORCiD: https://orcid.org/0000-0003-1840-3513

Gaireyah Fredericks se kortverhaalbundel *Een voet innie kabr* speel af in die Suid-Afrikaanse Moslemgemeenskap. Sy gebruik Moslem-Afrikaans in die bundel – 'n variëteit wat by uitsondering in Afrikaanse letterkunde opgeteken is, hoewel dit een van die oudste variëteite van Afrikaans is. Die verhale in die bundel belig verskeie aspekte van Moslemkultuur en -gebruike. Dialoog, dikwels met die ondertone van humor, en die sketsing van die betrokke ruimte is besonder geslaagd in hierdie kortverhale.

Naas die ooglopende tema van die Moslemleefwêreld is daar ook ander narratiewe elemente wat die kortverhale bind. Sterflikheid ('n "kabr" verwys na 'n graf) en verlies is byvoorbeeld 'n herhalende motief in die bundel. Dieselfde karakters kom ook dikwels in verskillende verhale voor en dit skakel met die tematiek van die vervlegtheid van familie en gemeenskap. Hierdie bundeltema is voorts een waarmee baie lesers sal kan identifiseer. Verhale soos "Reflections" hanteer die kwessie van liefde, maar ook misbruik binne 'n familiekonteks, "Naalwêk" en "'n Hija vi Faati" handel oor die posisie van vroue in hul gemeenskap, "Portrait" ondersoek die effek van die verlies van 'n ouer en die roerende "Juvenile sentimental solo" handel oor 'n pa se hoë verwagtinge van sy seun.

*Een voet innie kabr* teken dus kulturele en godsdienstige praktyke op wat 'n nuwe wêreld vir verskeie Afrikaanse lesers sal ontsluit. Tog, bring Fredericks se binnekennis van die Moslemgemeenskap mee dat die verhale outentiek lees en nie verval in clichématighede of eksotifiserings van Islam nie, maar karakters uitbeeld wie se uitdagings vir enige leser bekend sal wees. Só word daar 'n genuanseerde blik gebied op 'n gemeenskap wat terselfdertyd as uniek en herkenbaar geskets word.

Ek ken hiermee graag die Eugène Maraisprys toe aan Gaireyah Fredericks vir *Een voet innie kabr.*